ID Foto

Slegs vir kantoorgebruik - Leerdernommer

**2027**

**SA**

# AANSOEK OM TOELATING TOT LADYBRAND HOËRSKOOL

**Leerderbesonderhede:**

Van (Leerder): ______________________________________

Naam (Leerder): ______________________________________ Noemnaam: ____________________

Graad waarvoor aansoek doen: _____________

**Ouers/Voogde van leerder:**

1. Naam en Van: _________________________________ Selfoonnommer: ________________________

   Verwantskap tot leerder Pa__ Ma__ Ander:________ WhatsAppnommer: _____________________

2. Naam en Van: _________________________________ Selfoonnommer: ________________________

   Verwantskap tot leerder Pa__ Ma__ Ander:________ WhatsAppnommer: ______________________

**Kontakpersoon** in geval van **mediese noodgeval**:

Naam en Van: _______________________________

Selfoonnommer: _______________________________

Verwantskap tot leerder (bv. Pa/Ma/Oupa/Ouma, ens.): ________________________________________

**Kontakpersoon indien ouers nie beskikbaar is nie:**

Naam en Van: _________________________________

Selfoonnommer: _________________________________

Verwantskap tot leerder (bv. Oupa/Ouma, ens.): _______________________________________________

**Ouer/Voog e-pos adres vir amptelike korrespondensie**:

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

**DIE AANSOEK WORD NIE AANVAAR INDIEN DIE ONDERSTAANDE DOKUMENTASIE NIE AANGEHEG IS NIE**

| KONTROLELYS | | JA | NEE |
|---|---|---|---|
| **LEERDER DOKUMENTASIE:** | | | |
| 1. | **ID of geboortesertifikaat van leerder.** | | |
| 2. | **ID-foto van leerder.** | | |
| 3. | **Afskrif van laaste rapport.** | | |
| 4. | **Fotostaat van mediesefondskaart** | | |
| 5. | **Paspoort van leerder indien immigrant.** | | |
| 6. | **Studiepermit indien immigrant.** | | |
| **OUER/VOOG DOKUMENTASIE:** | | | |
| 1. | **ID/Paspoort van ALBEI ouers / voogde.** | | |
| 2. | **Bewys van fisiese adres bv. Water- en elektrisiteitsrekening.** | | |
| 3. | **Salarisstrokie of bewys van inkomste.** | | |
| 4. | **Drie maande se bankstate.** | | |

## VISIE

Die daarstelling van ‘n uitnemende opvoedkundige inrigting wat gefokus is op die behoeftes van die leerders en die gemeenskap wat die skool dien.

## MISSIE

Die missie van die Hoërskool Ladybrand is om op Christelike-nasionale grondslag hoë gehalte onderwys en opvoeding aan leerlinge te verskaf ten einde kundige en gebalanseerde skoolverlaters die wêreld in te stuur.

## TOELATINGSVEREISTES

Leerders moet Afrikaans en Engels kan lees, praat en skryf.

Leerders uit die natuurlike voedingsgebied van die skool geniet voorkeur by toelating.

Die leerder mag nie meer as een jaar ouer wees as die gemiddelde ouderdom van die leerders in die graad waartoe toegang verlang word nie, tensy anders deur die Beheerliggaam bepaal.

Ouers en voogde moet onderneem om die finansiële verpligting, soos bepaal deur die Beheerliggaam, stiptelik na te kom.

Ouers of voogde en leerders moet onderneem om die skool se reëls te eerbiedig en leerders moet hulle daarby neerlê. Alle volledige regulasies en skoolreëls is beskibaar in die kantoor.

Toelatingsvereistes is streng volgens regulasie soos bepaal deur die Vrystaatse Departement van Onderwys (VDO).

**Sluitingsdatum: Vrydag, 28 Augustus 2026.**

**‘n Toelatingsfooi van R4 000.00 is betaalbaar tydens toelating van die leerder tot die skool. Die bedrag is deel van die skoolgeld en sportuitrusting.**

# LEERDERINLIGTING

| | |
|---|---|
| Van | |
| Voorletters | Noemnaam |
| Geboortename<br>Eerste | |
| Tweede | |
| Derde | |
| Geboortedatum: | Y Y Y Y M M D D |
| Geslag | M V |
| Ras | |
| Burgerskap | |
| Land van verblyf | |
| ID of paspoortnommer | |

| | |
|---|---|
| **Woonadres** | |
| | |
| Woonbuurt | |
| Poskode | |
| Leerder selfoonnommer | |
| Huistaal | |
| Taal van onderrig | |
| Vervoer na skool | |
| Ouers oorlede? | Vader Moeder Albei |

| | |
|---|---|
| **Besonderhede van vorige skool** | Telefoonnommer |
| Naam van vorige skool | |
| Adres van vorige skool | |
| | |
| Provinsie | |

| | |
|---|---|
| **Mediesefonds** | |
| Mediesefondsnommer | |
| Naam van hooflid | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Behendigheid van leerder** | Regshandig | | Linkshandig | |

***Indiening van aansoekvorm waarborg nie toelating tot Hoërskool Ladybrand nie.***

## **OUER 1** (VERANTWOORDELIK VIR REKENING)

Titel ____________ Voorletters ________________

Van ________________________________________

Volle Naam ________________________________________

Geslag ☐ M ☐ V

Huistaal ________________________________________

Ras ________________________________________

ID of paspoortnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Straatadres ____________________________ Posbus ____________________

____________________________ ____________________

Poskode ☐☐☐☐ Poskode ☐☐☐☐

Selfoonnommer ____________________________

Beroep ____________________________

Werkgewer ____________________________

Verwantskap tot leerder ____________________________ (Vader/Moeder/Stiefpa/Stiefma/Ouma/Oupa, ens.)

e-pos adres ________________________________________

## **OUER 2**

Titel ____________ Voorletters ________________

Van ________________________________________

Volle Naam ________________________________________

Geslag ☐ M ☐ V

Huistaal ________________________________________

Ras ________________________________________

ID of paspoortnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Straatadres ____________________________ Posbus ____________________

____________________________ ____________________

Poskode ☐☐☐☐ Poskode ☐☐☐☐

Selfoonnommer ______________________________

Beroep ____________________________

Werkgewer ____________________________

Verwantskap tot leerder ____________________________ (Vader/Moeder/Stiefpa/Stiefma/Ouma/Oupa, ens.)

e-pos adres ________________________________________

***Ons onderneem om alle inligting vertroulik te hanteer en slegs vir die doel van goeie kommunikasie en administrasie aan te wend.***

## NAASBESTAANDE 1

Titel ____________ Voorletters ____________

Van ____________

Naam ____________

Geslag ☐ M ☐ V

Huistaal ____________

Verwantskap tot leerder ____________

ID of paspoortnommer | | | | | | | | | | | | | |

Straatadres ____________

____________

____________

Poskode | | | | |

Beroep ____________

Selfoonnommer ____________

e-pos ____________

## NAASBESTAANDE 2

Titel ____________ Voorletters ____________

Van ____________

Naam ____________

Geslag ☐ M ☐ V

Huistaal ____________

Verwantskap tot leerder ____________

ID of paspoortnommer | | | | | | | | | | | | | |

Straatadres ____________

____________

____________

Poskode | | | | |

Beroep ____________

Selfoonnommer ____________

e-pos adres ____________

**HOëRSKOOL LADYBRAND**
**INLIGTINGSTUK VAN DIE HOëRSKOOL LADYBRAND OOR BETALING VAN SKOOLGELD**

In terme van die Nasionale Skolewet (Wet 84 van 1996), word Hoërskool Ladybrand geklassifiseer as ‘n kwintiel 5 skool met die oog op Provinsiale Hulpbronne Toekenning. Dit beteken dat die skool op die laagste persentiel val met die toekenning.

1. In terme van die wet moet die skool sy eie fondse genereer ten einde gehalte onderwys en onderrig te lewer.

2. In terme van die wet moet die skool skoolfonds hef ten einde bogenoemde fondse te genereer.

3. Ouers en voogde het almal die geleentheid om oor skoolfonds ingelig te word en dit te bespreek tydens die jaarlikse begrotingsvergadering wat deur ouers bygewoon moet word.

4. Alle ouers/voogde word deur die wet verplig en moet in terme van die wet skoolfonds betaal vir elke leerder wat onderrig ontvang by Hoërskool Ladybrand, tot die mate welke daardie ouer/voog deur die wet kwytgeskeld word om skoolgelde te betaal nie.

5. **As alternatief tot die betaling van skoolgelde is gratis onderrig by ander skole in Ladybrand/Manyatseng beskikbaar in Engels/Sesotho. Hierdie skole is gratis en kan die leerder verniet bywoon indien ouers kies om nie skoolgelde te betaal nie.**

6. ‘n Ouer/Voog word slegs kwytgeskweld vir die betaling van skoolgeld soos deur die wet bepaal en moet daar jaarliks in die voorafgaande akademiese jaar, vir elke leerder aansoek om kwytskelding vir die betaling van skoolgeld gedoen word.

   a) Die ouer/voog moet voorgeskrewe vorms by die skool kom afhaal waartydens die prosedure aan die ouer/voog verduidelik sal word.
   b) Alle dokumente moet volledig voltooi word en alle ondersteunende dokumentasie, wat versoek word, moet aangeheg word en deur die ouer/voog na die skool teruggebring word voor die keerdatum, anders sal u aansoek nie verwerk word nie.

7. Alle inligting en dokumentasie moet waar en korrek wees en sal ook as sodanig bevestig word. Indien enige inligting onwaar of vervals is, sal dit as ‘n saak van bedrog beskou word en sal u aansoek nie verder oorweeg word nie.

8. Indien ‘n ouer/voog se aansoek gunstig oorweeg is, moet so ‘n ouer/voog sy dienste en/of kundigheid op versoek van die skool gratis aanbied of lewer.

9. Alle ouers/voogde moet reeds met die aansoek om registrasie aantoon hoe skoolgeld betaal sal word. Skoolgeld is:

   a) jaarliks vooruitbetaalbaar en opeisbaar,
   b) teen die einde van die eerste maand waarin die skool begin en
   c) sal sodanig gedebiteer word.

10. Daar sal maandeliks ‘n staat van die verskuldigde bedrae aan die ouer/voog gestuur word.

Paraaf: Ouer/Voog: ____________

11. Die volgende afbetalingsopsies is beskikbaar vir die betaling van skoolgeld:

    a) jaarliks vooruit (voor die einde van die eerste kwartaal), of
    b) **kwartaalliks vooruit ( teen die einde van die eerste maand van elke kwartaal), of
    c) **maandeliks vooruit (voor die 3de dag van elke maand) vir 11 maande
    d) ** ander

12. Alle ouers/voogde wat die keuse gemerk met ** verkies, sal ‘n afbetalingsooreenkoms ontvang wat deur u onderteken moet word. Vir enige alternatiewe reëlings sal u na die skool moet kom en ‘n afbetalingsooreenkoms en toestemming tot vonnis moet onderteken welke afbetalingsvoorstelle onderhewig is aan die beheerliggaam se goedkeuring.

13. Die volle uitstaande balans sal onmiddellik betaalbaar wees indien enige van die betalings hierbo gemerk, agterstallig is.

14. Die volgende prosedure sal vir die invordering van agterstallige skoolgelde gevolg word:

    a) 30 dae agterstallig: Ontvang u ‘n maandstaat met nota/herinnering daarop.
    b) 60 dae agterstallig: Ontvang staat met kennisgewing vir betaling van alle agterstallige bedrae voor die einde van die maand.
    c) 90 Dae agterstallig: Ontvang staat tesame met ‘n finale aanmaning wat aandui dat die volle uitstaande balans (hele jaar se skoolgeld) binne drie maande betaal moet word ten einde invorderingstappe, soos deur die wet voorgeskryf, te voorkom. “Invorderingsstappe” beteken die uitreik van ’n dagvaarding sonder verdere kennisgewing, met instruksies om vonnis te bekom.
    d) Vir enige verdere reëlings sal u na die skool moet kom en ‘n afbetalingsooreenkoms en toestemming tot vonnis moet onderteken, welke afbetalingsvoorstelle onderhewig is aan die beheerliggaam se goedkeuring.

15. Indien ouer/voogde voortgaan met die voltooiing van die vorms soos vereis, sal die skool aanvaar dat die ouer/voogde die terme en voorwaardes rakende die betaling van skoolfonds en hul verantwoordelikheid in hierdie verband aanvaar.

Ons vertrou u vind dit in orde.

Mnr. J. Kotzé
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

Paraaf: Ouer/Voog: ____________

**KONTRAK MET HOëRSKOOL LADYBRAND AANGAANDE**

**ERKENNING VAN VERSKULDIGHEID EN BETALING VAN SKOOLGELD**

Ek, die ondergetekende, ________________________________________ (ouer/voog se voorletters en van), ouer/voog van die volgende kind/ers in **Hoërskool Ladybrand**:

1.__________________________________ Graad: ________________________

2.__________________________________ Graad: ________________________

3.__________________________________ Graad: ________________________

1. Is aanspreeklik vir die stiptelike betaling van die skoolgeld en moontlike heffings soos bepaal ingevolge artikel 39 van die SA Skolewet, tensy en tot die mate waartoe ek van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.

2. Neem kennis dat indien ‘n hof bepaal het dat ‘n ander persoon skoolgeld moet betaal, dit steeds die verantwoordelikheid bly van almal wat as “ouers” van die ingeskrewe leerder kwalifiseer ooreenkoms die definisie van ouer in die Suid-Afrikaanse Skolewet, om die skoolgeld te betaal.

3. Is bewus dat dit die verantwoordelikheid van alle persone wat aan die definisie van “ouer” in die Suid-Afrikaansie Skolewet voldoen, om skoolfonds te betaal ten spyte daarvan dat ‘n hof bepaal het dat ‘n ander persoon die voorgeskrewe skoolgeld moet betaal, soos vervat kan wees in egskeidingskikkingsbevele en/of ander gepaste hofbevele. Alle “ouers” is gesamentlik en gesamentlik afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van alle skoolgelde wat deur die skool gehef is.

4. Is bewus daarvan dat ek/ons verantwoordelik is vir alle prokureurs- en eie-kliëntkostes wat spesifiek betrekking op opsporing en invordering van uitstaande rekenings het, asook enige ander fooie en kostes reeds aangegaan of wat in die toekoms aangegaan mag word, soos voorsien in die Skuldinvorderingswet van 1998.

5. Verleen hiermee toestemming dat my naam op buro’s gelys mag word as ‘n wanbetaler indien daar enige bedrag uitstaande ingevolge hierdie ooreenkoms is. Ek verleen ook verder hiermee toestemming dat navraag gedoen mag word by enige buro om my kredietwaardigheid te bevestig of om my op te spoor.

6. Dat die rekeningpligtige (ouer/voog) van die kinders hiermee die adres en e-pos adres soos in die inskrywingsvorm hiervoor vermeld as hul dimicillium citandi et executandi vir alle doeleindes van moontlike kennisgewing wat aan sodanige rekeningpligtige (ouer/voog) gerig moet word, kies. Enige verandering daarvan sal deur die ouer skriftelik aan die skool oorhandig word.

Paraaf: Ouer/Voog: ____________

| Betaling van skoolgeld aan Hoërskool Ladybrand sal soos volg geskied:<br><br>(meld asseblief in die toepaslike blokkie met 'n kruisie) | |
|---|---|
| **Jaarliks vooruit** (voor die einde van die eerste kwartaal)<br>Korting, indien ten volle betaal, soos bepaal op jaarlikse ouervergadering | |
| **Kwartaalliks** (teen die einde van die eerste maand van elke kwartaal) | |
| **Maandeliks vooruit** (voor die 3de dag van elke maand) vir 11 maande | |

Ek bevestig dat ek ingelig is dat:

- Ek aansoek kan doen om kwytskelding van skoolgeld tot die mate waartoe dit bo my finansiële vermoë is.
- Die aansoek om kwytskelding van skoolgeld jaarliks vooruit vir die volgende jaar gedoen moet word.
- Die aansoekvorm om kwytskelding van skoolgeld by die skool se finansiële kantoor beskikbaar is.
- Die aansoekvorm vir registrasie en herregistrasie moet ook by die finansiële kantoor ingehandig word.
- Alternatiewe gratis onderwys elders beskikbaar is.

Geteken te ________________________ op die ______ dag van ____________________ 20_____

OUER/VOOG: NAAM EN VAN IN DRUKSKRIF: ________________________________________

________________________________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

**HOëRSKOOL LADYBRAND**

**TOESTEMMING- EN VRYWARINGSVORMS**

Ek, ________________________________________________________, ouer/voog van

_______________________________________________________ (leerder se naam en van) stem hiermee toe tot en gee hiermee toestemming vir my kind se deelname, gebruik van en bystand ten opsigte van die volgende:

**A. VERVOER VAN LEERDER/S VIR SKOOLAKTIWITEITE**

1. Enige skoolaktiwiteit weg van die skoolterrein

2. Ek verleen verder toestemming dat die opvoeders van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die skoolterrein vervoer vir doeleindes van skoolaktiwiteite wat weg van die skoolterrein plaasvind.

Ek neem kennis van die volgende:

3. Dat hierdie toestemming van toepassing is op skoolaktiwiteite en dat die staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit kan spruit.

4. Dat hierdie toestemming geensins 'n afstanddoening is van enige eis wat die minderjarige self kan instel nie.

**B. AKTIWITEITE ANDERS AS SKOOLAKTIWITEITE**

1. Sakebedrywigheid of enige ander aktiwiteit buiten 'n skoolaktiwiteit ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet wat deur die beheerliggaam of skoolhoof goedgekeur is, hetsy op of weg van die skoolterrein.

2. Ek besef dat my kind op eie risiko aan bogemelde aktiwiteite deelneem.

3. Ek verleen verder toestemming dat die personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, my kind na en van die aktwiteite weg van die skoolterrein kan vervoer.

4. In gevalle waar 'n opvoeder 'n leerder vrywillig en in 'n nie-amptelike hoedanigheid vervoer, word dit 'n reëling tussen die ouers en opvoeder, en aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir enige risikos nie.

5. Ek neem kennis dat my kind onder die toesig van die personeel van die skool, of 'n persoon wat deur die skool aangewys word, sal welke persoon/persone met die nodige sorg sal optree om die veiligheid van my kind te verseker. Ek besef voorts dat die personeel van die skool, persone wat aangewys word deur die skool, die beheerliggaam en die skool self nie aanspreeklik gehou kan word vir die verlies van enige persoonlike besitting of enige ander

verlies of skade wat opgedoen of gely kan word nie. Daarom doen ek hiermee afstand van enige eis hoegenaamd teen die skool wat kan voortvloei uit enige skade of verlies vanweë deelname aan bogemelde aktiwiteite.

## C. FOTO'S/BEELDMATERIAAL EN VIDEO'S VAN 'N LEERDER

1. Ek as ouer/voog verleen hiermee toestemming aan Hoërskool Ladybrand om foto's/ beeldmateriaal/video's van my kind/ers te vertoon as deel van:

   a) 'n Demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
   b) 'n Voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
   c) Die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
   d) Voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
   e) Video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
   f) Enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

2. Deur hierdie toestemming te verleen, verstaan/begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind/ers kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skool goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogallery kan insluit.

3. Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, die naam/name of ander persoonlik identifiseerbare inligting van die kind/ers nie saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

4. Ek teken hierdie vrywaringsvorm met die kennis dat enige foto's/video's/prente wat op sosiale media verskyn, afgelaai en gedruk kan word deur nuusorganisasies en elektroniese en uitsaaimedia. Ek vrywaar die skool van enige aanspreeklikheid wat mag spruit uit die gebruik van foto's/video's/prente van kind/ers op enige sosiale media/webwerwe.

5. Ek verstaan dat daar potensiële risiko's bestaan met die plasing van foto's/video/prente op sosiale media/webtuiste aangesien wêreldwye toegang tot die internet nie beheer kan word nie.

Paraaf: Ouer/Voog: ____________

**D. DRINGENDE / NOOD MEDIESE BYSTAND**

As ouer/voog verleen ek hiermee toestemming aan die verantwoordelike personeel van die skool, of ‘n persoon wat deur die skool aangewys word, om dringende mediese hulp vir my kind te bekom indien dit nodig sou wees ten tyde van sy/haar betrokkenheid by aktwititeite waarop hierdie vrywaring betrekking het. Sover ek weet, verkeer my kind in goeie gesondheid. Die verantwoordelike persoon/persone word egter versoek om op die volgende te let. (Noem hier enige gebrek, gesondheidsrisiko, swakheid, afwyking of mediese toestand waaraan u kind mag ly en/of enige spesiale bedrywighede waaraan u kind nié mag deelneem nie Meld ook enige medisyne of allergieë. Neem kennis dat GEEN medikasie by die skool aan enige leerder toegedien mag word nie.

**MEDIESE INLIGTING**

Mediese toestand/e: ________________________________________________

Allergieë: ________________________________________________

Medikasie: ________________________________________________

Ander: ________________________________________________

Huisdokter: ________________________________________________

Huisdokter
Kontaknommer: ________________________________________________

Geteken te ___________________________ op die ______ dag van _________________ 20___

______________________________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

**HOëRSKOOL LADYBRAND**
**ALGEMENE VERKLARING DEUR OUER/VOOG EN LEERDER**

Ek, ______________________________________________________, (volle naam en van),

met ID/paspoort ___________________________________ bevestig hiermee dat ek die wettige

ouer/voog is van __________________________________________(leerder volle naam en van)

en bevoeg is om hierdie en enige ander dokumentasie wat benodig mag word te voltooi en te onderteken en bevestig hiermee dat ek gemagtig is om hierdie aansoek vir registrasie vir Hoërskool Ladybrand namens die leerder te voltooi en dat die leerder kennis neem van sodanige registrasie.

Ons verklaar verder dat:

1. Ons die vorms volledig ingevul het en dat die besonderhede waar en korrek is.

2. **Ons, ons van die skoolreëls vergewis het en dat ek daartoe toestem dat my kind hom/haar deur al sy/haar studiejare verbind tot die nakoming van hierdie reëls, soos van tyd tot tyd deur die Skoolhoof of beheerliggaam vasgestel word. Ons sal ons neerlê by enige stappe wat deur die hoof of beheerliggaam geneem word wat uit 'n herhaaldelike/ernstige oortreding van hierdie reëls mag voortspruit.**

3. Ons kennis neem dat die skool 'n vasgestelde beleid ten opsigte van die voorkoming en hantering van alkohol- en dwelmgebruik het. Soos vervat in Artikel 84 van die SA Skolewet, sal deursoeking en toetsing uitgevoer word wanneer daar enige vermoede bestaan dat 'n leerder in besit is of onder die invloed is van alkohol of enige onwettige middels.

4. Ons bewus is dat die gebruik van selfone en enige elektroniese- of slim toestelle verbode is gedurende skool ure. Selfone en toestelle word op eie risiko in skoolsakke gehou. Indien 'n foon of enige elektroniese- of slim toestel gedurende skool ure gebruik word, sal dit gekonfiskeer word en mag slegs deur ouers/voogde by die kantoor afgehaal word, nadat hulle 'n boete, soos van tyd tot tyd bepaal word deur die hoof of beheerliggaam, betaal het.

5. Ons bewus is dat enige kennisgewings van dissiplinêre sanksies/kennisgewings aan die leerder oorhandig sal word om aan die ouer/voog te gee. Die leerder onderneem om sodanige dokumentasie stiptelik en as 'n saak van dringendheid aan die ouer/voog te oorhandig. 'n Afskrif van die dokumentasie wat deur die leerder onderteken is, sal as voldoende bewys dien dat die ouer in kennis gestel is van sodanige ondersoeke/sanksies.

6. Ons vertroud is met die inhoud van die skool se Gedragskode vir leerders, wat by die skool beskikbaar is, en verbind ons daartoe.

Paraaf: Ouer/Voog:____________

7. Ons kennis dra van die feit dat, alhoewel akademie steeds prioriteit nommer een bly, Hoërskool Ladybrand op opvoeding as totaliteitsgebeure fokus en dat my kind verkieslik deur die loop van die jaar aan ten minste een sport- en een kultuuraktiwiteit deelneem. Wat die ondersteuning van skoolaktiwiteite betref, verbind ek as ouer my tot die eis van die skool dat my kind sport-, kultuur- en ander aktiwiteite in 'n ondersteundende hoedanigheid sal bywoon.

8. Ons kennis neem van die feit dat die aanbieding van vakke sal afhang van die minimum klasgrootte soos deur die beheerliggaam bepaal.

9. Dat ek sal toesien dat my kind die skool getrou sal bywoon en betyds vir die skooldag sal opdaag.

10. Dat my kind vir toetse en eksamens sal voorberei en na afwesigheid 'n doktersertifikaat sal indien vir enige formele assesseringstake.

11. Ons verstaan dat die betaling van skoolgeld 'n statutêre verpligting in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet is en onderneem om aan die finansiële verpligtinge soos deur die beheerliggaam bepaal word, te voldoen.

12. State van die uitstaande balans sal per elektroniese medium aan ons gestuur word en/of maandeliks aan die leerder oorhandig word om aan die ouer/voog te oorhandig.

13. Die leerder onderneem om alle dokumentasie wat hy/sy by die skool ontvang het stiptelik aan die ouer/voog te oorhandig. Die ouer/voog onderneem om die skool dadelik te kontak indien hy/sy nie die dokument soos hierbo genoem van die leerder ontvang nie. Indien die ouer/voog nie die skool in hierdie verband skakel nie, sal die skool dit as voldoende bewys aanvaar dat die ouer/voog die nodige dokumentasie/maandstate ontvang het.

14. Ons neem kennis dat die **skool as 'n reël elektronies met ouers kommunikeer**. Die **ouer moet verseker dat hulle op alle relevante WhatsApp-groepe inskakel**. Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om hul kontakbesonderde op 'n gereelde basis by die skool op te dateer.

15. Dit ons verantwoordelikheid is om ons kontak- en adresbesonderhede ten alle tye op datum te hou en dat ons die skool binne sewe dae sal kontak indien daar 'n verandering van ons selfoonnommer, telefoonnommer, e-posadres, woonadres, posadres of werkgewerbesondherhede is.

**LEERDER**

Geteken te______________________, op die _____ dag van _______________________20___

_____________________________________
Handtekening van leerder

**OUER/VOOG**

Geteken te ______________________, op die ______ dag van _______________________20____

_______________________________________
Handtekening van Ouer/Voog